

https://dspace.org/

Die wording van Afrikaans gedurende die 17e en 18e eeue microfiche

Coetzee, Abel Johannes

2015-02-09
http://hdl.handle.net/10539/16941

Downloaded from a DSpace repository. https://dspace.org/

ii. Die boere dieper in die binneland - d.i. meesal veeboere.

Hierdie indeling maak ek in die eerste plek volgens die invloed wat hulle uitgeoefen het op die uiteindelike vorm wat die taal van die koloniste aangeneem het, en in die twede plek volgens die invloede waaraan hulle blootgestel was.

Hierdie drie groepe gaan ek dan net behandel as taal(ver)vormende faktore.

A. DIE KOMPANJIESDIENAARS.

i) Die Amptenare.

Hier gaan ek hoofsaaklik bespreek die invloed wat moes uitgegaan het van die omgangstaal van die klerke e.a. amptenare.

In die eerste plek was die amptenare, vir sover as wat hulle Nederlanders, meesal dialekspreekers. In hierdie opsig het hulle dan die invloed van die ander Nederlandse dialekte aan die Kaap versterk, en terselfd tyd natuurlik ook die dialekverwarring aan die Kaap vergroot.

Dit lê voor die hand om aan te neem dat van die stadhuiswoorde (Romaanse woorde) wat gebruiklik was in die deftige offisiële skryf- en spreektaal ook oorgegaan het in die gewone omgangstaal van die amptenare. Op hierdie manier kan sulke woorde deurgewerk het in die omgangstaal van die koloniste. Die hoeveelheid woorde wat op die manier kon deurgewerk het was seker maar erg gering. Invloed op hierdie gebied uit die omgangstaal van die amptenare was dus waarskynlik gering.

Hier moet nie uit die oog verloor word dat die amptenare op twee maniere aan die Kaap gekom het nie. In die eerste plek het hulle direk uit Nederland hierheen gekom. In hierdie geval het hulle omgangstaal ten gunste van die een of ander Nederlandse dialek gewerk - behoudend dus. In die tweede plek was baie amptenare vanuit Batavia hierheen gestuur. Al na hulle korter of langer in Batavia was, het daar minder of meer Oosterse woorde in hulle omgangstaal ingedring. Hierdie groep amptenare het dan tot op 'n sekere hoogte die invloed gesterk wat moes uitgegaan het van die Oosterse slawegroep, en het die ontleening van Oosterse woorde begunstig.

Ook die herkoms van die amptenare is van belang. Daar was n.l. 'n hele aantal plat-Duitsers in die diens van die Kompanjie. Hulle omgangstaal was natuurlik een of ander platduitse dialek. In hierdie opsig dan het hulle die dialekvermenging aan die Kaap vergroot en was dus ook 'n faktor wat tot vereenvoudiging bygedra het.

Om dan saam te vat kan onsse dat die invloed wat van die omgangstaal van die amptenare uitgegaan het die volgende was:-

a) Dit het die invloed van die Nederlandse dialekte versterk, en as sulks was dit ten gunste van Nederlands.

b) Dit het die dialekvermenging aan die Kaap vergroot, en was dus 'n faktor wat bygedra het tot vereenvoudiging.

c) Tot 'n sekere mate het dit die ontleen van Oosterse woorde begunstig. Dit was dan die vernaamste invloed wat uitgegaan het van die omgangstaal van die amptenare. Die invloed van die deftige spreek- en skryftaal word elders

ii) Die Matrose.

Uit die aard van die saak sou ons verwag dat die invloed van die matrose op die taal van die koloniste beperk sou bly tot die Kaap en sy onmiddellike omgewing.

Die invloed wat van die seelui uitgegaan het, in so ver as hulle taal nie met Oosterse woorde deurspek was nie, was tot aan die einde van die 18e eeu grotendeels behoudend van aard, d.w.s. 'n faktor wat gewerk het teen die verskillende soorte vreemdelinge-Nederlands wat 'n mens aan die Kaap kon hoor. Die invloed was behoudend van aard eenvoudig omdat die meeste matrose toe nog Hollands van afkoms was. Colendrander [1] verklaar: «In de zeemonsterrollen zelfs van het einde der 18e eeuw houden echter de Nederlanders nog wel de helft.» Dat die verhouding egter toe al vinnig aan die verander moes gewees het, blyk uit die verklaring van Percival [2] uit 1796: «The Dutch ships were in a very bad condition.... ....the crews.....Few were natives of Holland, the far greater part being Hanoverians, Prussians, and Germans.»

As ons hier van 'n behoudende invloed praat dan is dit goed om daarby te onthou dat die invloed nie baie sterk ten gunste van die behoud van 'n suiwere Nederlands kon gewerk het nie, omrede dat die matrose as sulks in die eerste plek nie geletterde mense was nie, maar dialeksprekers was, en daarby nie eers almal dieselfde dialek gepraat het nie, laat staan Algemeen Beskaafde Nederlands.

Hier moet on natuurlik byreken die behoudende invloed wat uitgegaan het van die agterblywende siek matrose uit Patria uit(sien hierbo 42, e.v.)

Die matrose wat op die terugreis van Batavia af aan die Kaap moes agterbly, het egter weer net die teenoorgestelde uitwerking gehad as die groep wat op die uitreis

---

1) De Afkomst der Boeren bls. 124.
2) An account of the Cape of Good Hope, 1796-1804 bls 35.

moes agterbly. Die invloed van die twee groepe het mekaar dan eintlik geneutraliseer.

Daar is egter nog 'n ander rigting waarin die matrose invloed uitgeoefen het. Volgens le Vaillant 1) (1780-5) wou die koloniste nie toelaat dat hulle dogters met matrose of soldate trou nie. Dit was natuurlik 'n sterk prikkel vir die matrose en soldate tot geslagsverkeer met slavinne. Dit is nie nodig om hier die hele kwessie van fornikasie en die oorsprong van die basters te behandel nie. Ons kan aanneem dat die soldate, matrose en koloniste almal wel 'n taamlike aandeel aan die saak het. Fornikasie natuurlik, versterk die invloed van die taal van die slavinne, dit sy Maleis-Portugees, of gebroke Nederlands.

Dit sou natuurlik heelwat waarde gehad het as ons kon aangee hoeveel matrose die Kaap besoek het, hoeveel daar agter gebly het om te herstel; hoeveel van l.g. nooit in die Ooste was nie en hoeveel wel. By gebrek aan gegewens kan ek egter nie sulke getalle opgee nie.

Die invloed wat die matrose dan uitgeoefen het was:-

a) Dit het die aantal dialeksprekers en dialekvermenging versterk.
b) Dit het ontlening uit Oosterse e.a. tale begunstig, veral waar dit vreemde woorde en uitdrukkinge betref wat alreeds gangbaar geword het in die seemans-taal.

iii) <u>Die Soldate</u>.

Die invloed van die soldate af uitgegaan het, moet naasteby dieselfde van geaardheid gewees het - d.w.s. deels behoudend, deels bevorderend die verwarring, - alhoewel meer blywend van aard, en van krag oor 'n uitgesterkter gebied. Die soldate het ook nie juis tot die geleerdste klasse behoort nie - met gunstige uitsonderings natuurlik.

---

1) Travel into the Interior Parts of Africa dl ii bls140-1.

Hier egter, kom 'n ander faktor by wat taamlik belangrik is, en dit is n.l. dat die verhouding tussen Nederlanders en vreemdelinge onder die soldate, taamlik vinnig so verander het dat die Nederlandse element in die minderheid was. Vir die verhouding van die rasse onder al die Kompanjie se soldate vind ons vir 1691 en later die volgende in Colenbrander 1): «Het aantal vreemdelingen (in 1691 - sien vorige bladsy) is, hoewel reeds aanzienlijk, toch nogh ver in de minderheid; naar schatting ruim een vijfde van het geheel, en van dit ruime vijfde schijnen wy de Duitschers niet meer dan ruim de helft uit te maken. Van voor 1691 zijn er geen generale, maar een groot aantal partieele monsterrollen bewaard: van ettelijke schepen, van ettelijken garnizoenen en expeditiën. Het verhoudingsgetal der vreemdelingen neemt af, hoe verder men teruggaat. De vestiging van onze Indische heerschappij is ons eigen werk geweest: de heplers van Coen en van Diemen waren voor negen tienden Nederlanders.

Eerst de achtiende eeuw heeft, in snel toenemende mate, ons volk hokvast zien worden. De Compagnie had gedurig meer volk noodig, maar die sich aanboden waren ten slotte meerendeels verarmde Duitschers. De generale

---

1) De Afkomst der Boeren, bls. 124.

landmosterrol van 1778 b.v. (14541 koppen) bevat veer meer dan twee derden vreemdelingen, en onder de vreemdelingen sijn die overgroote deel Duitschers. Ten eerste dus is het getal vreemdelingen in vergelijking met 1691 sterk toegenomen; ten twede is onder het getal vreemdelingen het verhoudingsgetal der Duitschers, dat van den aanvang af aansienlijk was, gestegen." Die nuwe verhoudings het natuurlikerwyse deurgewerk tot aan die Kaap, en die invloed van die soldate kry meer krag in die opsig dat dit die verwarring van dialekte, in sover hulle Nederduits gepraat het, aan die Kaap sterk vergroot.

Dat hierdie algemene verhouding onder die Kompanjie se soldate ook deurgewerk het tot aan die Kaap, bewys die getalle van Colenbrander op bladsye 124-5: "De oudste (landrol van de Kaap) is van 1656, vier jaar na de aankomst van van Riebeek. Zij bevat de namen en geboorteplaatsen van 133 dienaars, die naar hun nationaliteit onmogelijk anders dan als volgt kunnen worden ingedeeld: Nederlanders 103; Duitschers 19; Franschen 5; Denen 3; Zweden en Noren 2; Vlamingen 1.

De Monsterrol van 1716 bevat de namen en geboorteplaatsen van 711 dienaars: Nederlanders 453;

Duitschers 177; Vlamingen 25; Zweden en Noren 21; Denen 10; Franschen 8; Kapenaars 7; Duitsche Zwitschers 5; Nederlanders geboren te Batavia 2; Fransche Zwitschers 1; Engelschen 1; Russen 1.

Eerst de helft der 18e eeuw brengt de Duitschers in de meerderheid. De mosterrol van 1767 wyst 1610 dienaren aan: Duitschers 1025; Nederlanders 317; Zweden en Noren 69; Kapenaars 55; Denen 45; Vlamingen 35; Duitsche Zwitschers 21; Franschen 12; Italianen 8; Luxemburgers 7; Levantijnen 4; Walen 4; Nederlanders geboren te Batavia 2; Engelschen 2; Russen 2; Polen 1; Bohemers 1."

Hieruit blyk dus voldoende dat die invloed van die matrose en soldate aan die Kaap, vir die behoud van die Nederlandse dialekte mekaar versterk het tot teen die middel van die 18e eeu. Daarna het die vreemdelings onder die matrose en soldate in verhouding meer geword en gevolglik het ook die vreemde, veral Duitse, dialekte in verhouding ook 'n belangrike rol begin speel.

B. <u>DIE VRYBURGERS</u>.

Laat ons nou die invloed nagaan wat uitgegaan het van die omgangstaal van die koloniste. Wat waar was vir die amptenare wat betref herkoms en of hulle direk uit Patria of Batavia hierheen gekom het, is in die algemeen ook waar van die vryburgers. In hierdie opsig was die invloedwat hulle uitgeoefen het dan dieselfde as die invloed wat uitgegaan het van die amptenare.

Hier kom egter 'n belangrike faktor by, en dit is die begrywe van die vryburgers. Een van die oudste en

belangrikste besighede van die Kapenaars was, en is vandag nog, »herreberg" Kommissaris van Rheedi deel in 1685 in sy »Instructie" 1) mee: »sijn in de Tafelberg ofte omtrent de Casteel 30 Huysgesinnen, haer maest erneerende met Herreberg, Tapneering en Vuijn vrugten, zeevens wijnig vee...." Capt. William Dampier herhaal hierdie bewering vyf jaar later 2): »The Dutch that live in the town get considerably by the ships that frequently touch here, chiefly by entertaining strangers that come ashoar to refresh themselves; for you must give 3s or a dollar a day for your entertainment....."

Die omgang met vreemdelinge moes natuurlik tot 'n sekere hoogte invloed uitgeoefen het op die taal van die huisbase, te meer nog as ons in aanmerking neem hoe intiem die omgang tussen die gas en die huismense was. Oor die verhouding tussen gasheer en gas deel le Vaillant in 1780 iets mee 3): »Strangers are generally well received....but the English are adored, either on account of their familiarity betwoen the manners of the two nations, of of their very

---

3) Travel into the Interior Parts of Africa 1780-5, dl 1, bls. 26/7.

1) Theal, Belangrijken Historiwche Dokumenten, Dl 1, bls. 28.

2) Botha, Collectanea, bls 128.

much affecting to be generous. It is an undoubted fact, that whenever they arrive, every one is eager to offer them lodging. In less than eight days everything becomes English in the house upon which they have fixed their choice: and the master, the mistress, and even the children, soon assume their manners. At table, for example, the knife never fails to discharge the office of the fork" Die naaapsug as volkskarakter het dus baie ver in die verlede sy wortels geskiet - 'n nasionale erfstuk uit Nederland nog waarskynlik.

Mentzel 1) gee die volgende uit 'n Kaapse brief gedateer 1783: "Everybody in this town, save the Governor and a few higher officials, seems to take in paying guests.....during their stay here they are treated as intimate friends". Percival 2) se in 1796: "....as every house takes in strangers to board and lodge, who for the time are considered as members of the family."

---

1) A Geographical and Topographical Description, 1785, bls 112.

2) An Account of the Cape of Good Hope 1796 - 1804, bls 4.

Die nering van dié Kapenaars het ook in ander rigtings,as met op taalgebied, 'n invloed uitgeoefen. Kommissaris de Mist sê die volgende 1) in 1802: '.....de Luxe was intusschen door de gedurig aankomende Europesche en rijke Indische passagiers, die gewoonlijk eenige tyd aan die Caab uitrusten, maar inzonderheid, door Troupes in den voorlaatsten Engelschen Oorlog van 1780-84, onmatig gesteegen, de de verbeteringe in die Caabstad, en derzelver nabijheid, waaren verre boven de vermogens geklommen.'

Die kosgangers wat uit alle oorde gekom het en baie verskillende tale gepraat het, het natuurlikerwyse in die een of ander rigting invloed uitgeoefen op die taal van die Kapenaars. Dit lê voor die hand om dit te veronderstel. Die aard van die invloed kon miskien gewees het die oorneem van vreemde woorde, of anders kon dit die gelykmakende uitwerking van die vreemdelinge -- Nederlanders gesteun het, en dit kon ook die gewoonte gesterk het om min aandag aan die moedertaal te bestee. Dis moeilik om uitte maak wat presies die invloed hier op die taal van die koloniste was, maar ek dink ons kan aanneem dat dit in een van die aangeduide of in al die rigtings moes gewees het. Hierdie invloed sou dan natuurlik

---

1) Memorie, bls 20.

ook deurgewerk het tot die taal van die derde groep, alhoewel dit maar in 'n baie geringe graad kon gewees het.

Nou bly nog oor die beskouing van die derde groep as taalvormende faktor, n.l. die burgers wat dieper in die binneland in gewoon het en wat meesal veeboere was.

Tot op 'n sekere hoogte het hulle natuurlik los gestaan van die invloede wat op die ander groepe ingewerk het, omrede hulle minder in aanraking gekom het met die vreemdelinge en selfs met die koloniste in en om die Kaap. Hier dan by uitstek, vind ons die gebied van die spontane ontwikkelingsproses, as ons natuurlik daarby in die oog hou dat die koloniste ook Oosterse slawe gehad het, dat hulle nouer in verband gestaan het met die Hottentotten, en dat hulle self oorspronklik verskillende Europese dialekte en tale gepraat het.

Van hierdie groep sê de Mist 1): "den verren afstand dier etablissementen van de Caapstad, van nagenoeg 150 a 200 uuren, de weinige omgang met beschaafde menschen, het aanhoudend herders leven,

---

1) Memorie blz 44/45.

hetgeen de beschaving terughoudt, in gelijke maate als de landbouw die bevordert.....(dit veroorsaak) een totale verbastering van zeden".

Wat put ons uit die beskikbare bronne aangaande die Nederlands wat die verskeie groepe koloniste gepraat het? Dat die Nederlands van baie van die ampsdraers nie baie klassiek van aard was nie, word bewys deur die briewe van Meester Pieter van Meerhoff en die slupper Jan Symonsz. 1)

Wat die burgers se kennis, selfs uit die vroegste tye, van Nederlands moes gewees het, kan ons aflei uit die volgende:-

a. In 1653 was daar 'n saak voor die Raad. Die verklaring word ondertoking deur 12 persone, waarvan 6 met 'n kruisie teken. Die helfte was dus analfabete 2)

b. In 1658 stuur die vryburgers 'n memorie aan Jan van Riebeek. Veertien vryburgers onderteken, waarvan sewe met 'n kruisie. Dus nog steeds die helfte is analfabete (Dagverhaal II, bls. 811).

c. In 1659 stuur 18 burgers 'n versoekskrif aan van Riebeek3). Ongelukkig het die

---

1) Sien Dagverhaal, Jan van Riebeek deel I, bls 45, 428.

2) Dies. 242/3.

3) Dies. Dl. III, 57.

redakteur van die Dagverhaal hier nie aangedui watter burgers deurmiddel van 'n kruisie onderteken het nie. In 'n voetnoot meld hy egter dat die meeste met 'n kruis geteken het. Van die 18 dus, was meer as die helfte analfabete.

(Wat die taalgebruik van die koloniste in hierdie drie gevalle betref - Bosman behandel dit in besonderhede in sOor die Ontstaan van Afrikaans, bls 124/5).

Ek dink dat ons veilig kan aanneem dat die meeste koloniste nooit 'n beheer oor die Nederlandse skryftaal gehad het nie. Mentzel 1) skrywe in 1785 (hy het die Kaap in 1741 verlaat): «It is difficult for a foreigner to make a living at the Cape since ignorance of Dutch is a great handicap.» Dat die «Dutch» waarvan hy skrywe, erg hoogstaande van kwaliteit was, glo ek nie, want in 1803 verwek die suiwerheid van Mej. Coetzee se Nederlands opspraak - selfs dat Lichtenstein en de Mist opsetlik melding maak van haar. (Sien hoër op, in par. 2). Lichtenstein maak ook nog melding van 2) «Unser Wirth de Beer.....Er hatte Bücher gelesen und sprach in gewählten Ausdrücken, die denn sonderbar mit dem platten afrikanischen-malayischen Dialecten contrastirten, in welchem sie vortgetragen wurden.»

---

1) A Geographical and Topographical Description bls. 100.

2). Reisen im Südlichen Africa, II, 114.

was gebore en het groot geword in die Pêrel.) De Mist 1) maak ook melding van 'n afwykende taal wat die koloniste gebruik, maar anders as Lichtenstein, maak hy nie die taal van die koloniste sleg nie. «Jachtaventuren werden verhaand op een zeer vrolijken trant, in de korte, krachtige, Africaansch-Hollandsche taal.' Net soos Lichtenstein nie die eerste persoon was wat afwyking van Nederlands vermeld het nie, net so sou hy vir baie lang jare nie die laaste persoon wees wat dit sy roeping geag het om ons taal sleg te maak nie- maar dit bring ons buite die grens van ons teenswoordige studie.

Waar ek in die vorige paragraaf gesê het dat die gemiddelde kolonis se kennis van Nederlandse boeketaal altyd op sy beste seker maar oes was, verloor ek natuurlik nie uit die oog uit dat daar tog wel koloniste was aan die Kaap wat op een of ander manier n deeglike kennis opgedoen het, dit sy deur 'n opvoeding in Nederland self of andersins. 'n Baie goeie voorbeeld hiervan uit die latere tydperk, is Adam Tas - soos sy taalgebruik in sy Dagboek (1705-6) dit verraai.

Die toestand aan die Kaap was dan dat ons verskillende groepe koloniste gehad het, elk waarvan 'n soort Nederlands gepraat het wat nader of verder van die literêre Nederlands van die tyd afgestaan het.

---

1) Molsbergen, Reizen in Zuid Afrika, III, bls 180.

Algaande soos hierdie verskillende groeps hulle besondere eienaardighede verloor het en saamgesmelt het om 'n eenheid te vorm - 'n onbewuste eenheid eers, maar later 'n bewuste eenheid - 'n nasie. Met die ontstaan van 'n nasionale eenheid, en die ontwaking van 'n nasionale gevoel, kan natuurlikerwys verwag en aangeneem word, soos Prof. Franken tereg opmerk 1), dat eenheid in die volkstaal moet ontstaan - 'n eenheid wat nie sommer uit die lug gegryp is nie, en wat eers gaandeweg sy beslag sou kry. Franken en Fouche bewys dat die nasionale bewussyn alreeds ontstaan het in 1705 - met die van der Stel kwessie. In 1707 n.l. kry ons 'n kolonis Hendrik Bibault wat met trots uitroep "'k Ben een Africaander"1). Dit natuurlik is 'n indirekte manier om die ontstaangtyd van Afrikaans te benader. Die dokumentere bewyse het Franken vir 'n klein gedeeltetjie ook gelewer, maar dit val onder die taalkundige deel.

Net soos die verskillende groepe met hulle vreemdelinge-Nederlands, die verskillende groepe wat vreemde tale gepraat het, die verskillende Nederlandse en Duitse Dialeksprekers, en die analfabete van die Kaap, almal faktore was wat bygedra het om Nederlands te laat verander, so was daar ook faktore wat 'n behoudende invloed uitgeoefen het ten gunste van Nederlands.

Die Huisgenoot, 23 Mei, 1928.

Author Coetzee A J
Name of thesis Die wording van Afrikaans gedurende die 17e en 18e eeue 1930

PUBLISHER:
University of the Witwatersrand, Johannesburg
©2013

LEGAL NOTICES:

Copyright Notice: All materials on the University of the Witwatersrand, Johannesburg Library website are protected by South African copyright law and may not be distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

Disclaimer and Terms of Use: Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

The University of the Witwatersrand, Johannesburg, is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the Library website.